**T** +27 21 526 9400 **E** capetown@zutari.com

**A** 1 Century City Drive
Waterford Precinct
Century City
Cape Town
South Africa

**P** PO Box 494
Cape Town
8000
Docex: DX 204

**zutari.com**

04 October 2024

Geagte Mnr/Mev

**KENNISGEWING VAN DIE AANSOEK VIR 'N ONDERHOUDS BESTUURSPLAN (OBP) VIR DIE 132 KV OORHOOFSE KRAGLYN EN GEPAARGAANDE PILONSTRUKTURE TUSSEN DIE LAINGSBURG- EN DROËRIVIER SUBSTASIES, GELEË IN DIE SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT, IN DIE LAINGSBURG-, PRINS ALBERT- EN BEAUFORT-WES PLAASLIKE MUNISIPALITEITE, WES-KAAP PROVINSIE.**

Zutari gee hiermee kennis, ingevolge die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, 2014, kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (No.107 van 1998) ("NEMA"), dat Eskom Holdings SOC Bpk aansoek doen vir 'n Onderhoudsbestuursplan (OBP) vir die bestaande 132 kV oorhoofse kraglyn en gepaardgaande pilonstrukture tussen die Droërivier- en Laingsburg substasies. Die voorgestelde werke aktiveer Gelyste Aktiwiteite ingevolge die OIB-Regulasies (d.w.s. Lys Kennisgewing 1 en 3) van 2014 [Regeringskennisgewing (RK) R982 van 2014) in. Dus is 'n OBP nodig vir die projek.

Zutari (Edms) Bpk is deur Eskom Holdings SOC Bpk aangestel om 'n OBP saam te stel vir die 132 kV oorhoofse kraglyn en gepaardgaande pilonstrukture tussen die Droërivier- en Laingsburg substasies, in die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit van die Wes-Kaap Provinsie. Dit is aangespoor deur die ineenstorting van vier tralietorings op die 132 kV-dubbelbaan Leeu Gamka-Luttig-lyn as gevolg van sterk winde in die Leeu Gamka-gebied. Die voorgestelde instandhoudingsprojek sal Eskom in staat stel om instandhoudingsaktiwiteite soos nodig langs die 200 km-transmissielyn uit te voer, wat dus verseker dat die transmissielyn optimaal funksioneer, wat die risiko van kragonderbrekings of ontwrigting, verminder.

Die projek is geleë tussen die Laingsburg- (in Laingsburg) en Droërivier (naby Beaufort-Wes) substasies, in die Laingsburg-, Prins Albert- en Beaufort-Wes Plaaslike Munisipaliteite in die Wes-Kaap Provinsie.

Die OBP, saamgestel ingevolge die OIB-regulasies, 2014, is nou beskikbaar vir kommentaar oor 'n tydperk van 30 dae tot **08 November 2024**. Indien u toegang tot die volledige Konsep OBP en gepaardgaande bylaes wil verkry, gebruik asseblief die volgende skakel: https://www.zutari.com/EskomMMP-public-participation

Om te registreer as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP) of om kommentaar te lewer, registreer asb met die bogenoemde skakel of kontak die Zutari publieke kommentaar kantoor ter:

- **Tel**: +27 12 427 2072
- **E-pos:** ppp@zutari.com
- **Pos:** Posbus 494, Kaapstad, 8000

Stuur gerus asseblief die kennisgewing en uitnodiging om kommentaar te lewer na enige ander B&GPe waarvan u dalk bewus is.

Vriendelike groete

Louisa Viljoen
04/10/2024

**Louisa Viljoen**
Junior Omgewingskonsultant

Signed by Jane Mahaba, jane.mahaba@zutari.com
04/10/2024

**Jane Mahaba**
Hoof Omgewingsevalueringspraktisyn

**Zutari (Pty) Ltd** | Reg No 1977/003711/07 | **Board of Directors** (03/2024) *NN Gwagwa (Chairperson), T Daka, *AC Discala, *PJ Hendricks, *NDL Motsei, J Ndala, *GT Rohde (*Non-Executive Director)
ISO 9001 Certified | Member of CESA and ASAQS | Silver Founding Member of the Green Building Council of South Africa